

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

GRATIS

Uitgawe 70

25 April 2022

www.boerhier.co.za



**GREENSPROUTS
SOLUTIONS**

INHOUD

- 5 Greensprouts Solutions
- 8 Akwaponika in Suid-Afrika
- 11 Damvlakke
- 13 Die wetenskap van wolproduksie
- 16 Algemene siektes en behandeling by beeste in Somer/Herfs
- 20 Lewerslakbeheer vir optimale gesondheid in jou beeskudde
- 22 Toekoms van ons Landbou in die jeug se hande
- 25 Die belangrikheid van kultuur in jou Boerdery en hoe om dit op te knap
- 27 Poste Beskikbaar
- 28 Die gebruik van preserveermiddels by hooimaak
- 30 Klassifikasie en Verpakking van Eiers
- 33 Landbou presteer in BBP
- 35 Bewaarders en Predasie Bestuur
- 37 Het jy geweet: VKB
- 39 Tendense in die voermark
- 40 Veilings (tot bl. 46)
- 47 Tag ons in jou foto's
- 48 Wat sê die Markte
- 49 Vorige Uitgawes
- 50 Resep: Melktertsigare

Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous & AffiePlaas Fotografie in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemaking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.

Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.

Vir verdere navraag, kontak: [073 895 6392](tel:0738956392) of e-pos info@boerhier.co.za

Besoek ons webtuiste www.boerhier.co.za en www.farmhere.co.za

Inligting verskaf vir advertensie en artikels in BOERhier is ontvang vanaf adverteerders.

BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat 'n transaksie behartig word en 'n produk gebruik word.



Kliek op die pyltjie vir die inhoud bladsy



Kliek op die ikoon om die video te kyk



Kliek op die pyltjie vir meer inligting



Hoop, sekerheid en ligte aanskakel

Saam met die skrywer van Hebreërs, besoek ons die groot name in die Ou Testament, sodat ons by hulle van geloof kan leer. Volgende in die ry, is Josef.

Josef is deur sy broers aan 'n slawehandelaar verkoop en dit was juis hierdie weggegooide broer wat hulle gered het, toe hongersnood hulle land getref het. Hulle het sak en pak by hom ingetrek en hulle het vir die res van hulle lewe lekker in Egipte gelewe.

Selfs toe Josef op sy sterfbed gelê het, het hy aan sy broers gedink: Dieselfde het met Josef gebeur, want hy het ook in God geglo. Toe hy begin voel dat die dood nader kom, het hy die Israeliete vertel hoe God sal sorg dat hulle uit Egipte sal trek. Hy het selfs gereël wat hulle met sy lyk moes maak.

Vir seker was daar 'n onsekerheid in Josef se broers oor wat met hulle en hul gesinne gaan gebeur as hy nie meer daar is nie. Maar Josef los hulle nie daar nie en bied vir hulle troos. Hy gee vir hulle hoop. Hy gee vir hulle die visie dat die volk eendag na die land van melk en heuning sal trek.

Vir Josef om hierdie visie te kon oordra, was een bestanddeel nodig: 'n sak vol geloof. Hy kon hulle slegs hiermee bemoedig en laat rustig word, omdat hy geweet het God kom Sy beloftes na en God sal aanhou om Sy beloftes na te kom.

Josef kan hoop gee vir die hopelose. Josef kan 'n lig aansteek vir sy broers wat donker tye sonder hom ingaan. Josef bied sekerheid vir sy broers wat woes onseker is. Hoekom? Want hy het hope van die grootste bestanddeel wat nodig

is om ander te help: geloof. Hy glo in God, die waarmaker van beloftes.

Dit het ons die afgelope tyd gereeld gehoor. God kom Sy beloftes na. Hy doen soos wat Hy sê Hy gaan doen. In ons eie lewe het ons dit al ervaar. Elke maand sorg die Vader vir ons. Hoekom sal Hy dan nou volgende maand dit anders doen?

Daarom kan ons met 100% sekerheid glo dat ons aan die einde van volgende maand weer op ons knieë sal gaan en dankie sê dat Hy weereens vir ons voorsien het. Dit kan ons maar glo.

God roep ons elkeen op om soos Josef ander mense uit die modder van die lewe uit te trek. Ons moet hoop gee vir die hopelose. Ons moet die lig aanskakel vir die wat in die donkere wêreld vasgeval het. Ons moet sekerheid vir ander bied wat in onsekerheid rondploeter.

En ons kan dit doen, wanneer ons self in God glo. Dan kan ons ons ondervinding gebruik om ander te bemoedig. Josef het God in sy lewe ervaar. Daar in die put het God 'n uitkoms gebring. Daar in die vreemde land waar hy onskuldig in die tronk sit, het God vir Josef verhef tot net onder die koning. Elke keer as dit lyk asof die gevaar hom gaan oorrumpel, het God Sy beloftes gehou en vir Josef gered. En dit is met die sak vol ervaringe van God, dat hy sy broers kon bemoedig.

Mag jy dit ook doen. Mag jy hoop en sekerheid gee en die lig vir ander aanskakel, omdat jy glo in 'n lewende God!

Shalom
Gerjo Ben



Grain SA/Grain SA

NAMPO 2022

OESDAG HARVEST DAY

Experience it!


16 - 20
May/Mei

Beleef dit!

NAMPO Park
Bothaville

NO
IMAGINATION
NEEDED

GEEN
VERBEELDING
NODIG



 ticketpro

ANDROID APP ON
Google play

Grain SA/Grain SA Radio 99.2 FM

Greensprouts Solutions



Greensprouts Solutions as 'n Maatskappy bestaan al langer as 20 jaar wat die Maatskappy die leier maak in groenvoer tegnologie en kweekhuis ontwerp.

Vanuit die staanspoor was dit ons doelwit en missie om 'n produk beskikbaar te stel wat beide gebruikersvriendelik, koste effektief en doeltreffend is en wat 'n positiewe bydrae en bate vir ons kliente kon bied.

Hoekom Groenvoer bo Saad?

- **Opneembaarheid van die groenvoer is baie beter** as die van saad. Nutriente in die voer word dus baie beter opgeneem en word dus beter benut. Hierdie proses is 'n beter waardetoevoeging tot jou finansiële belegging.
- **Soogdiere se metabolisme is ontwerp om plante te eet** en nie net skoon saad nie. Baie lading word op die anatomie van die soogdier afvorseer deur dit net saad te voer, wat lei tot verswakte immuunstelsels.

- **Natuurlike suur in die saad** word vrygestel tydens ontkieming. Oormaat suur in die rantsoen kan lei tot acidosis (suurpens).
- **Natuurlike gif in die saad** word vrygestel tydens ontkieming. Oormaat natuurlike gif is nadelig vir die dier en beïnvloed produksie negatief.
- **Die stysel in die saad** word tydens ontkieming, deur 'n bio-chemiese proses tydens die selverdeling wat in die saad plaasvind, omgesit in hoogs-opneembare energie.
- **Die proteïene in die saad** word tydens ontkieming omgesit in beter opneembare deurvloei proteïen.
- **Groenvoer is 'n uitstekende anti-oksidadant** wat 'n massiewe voordeel vir die dier se gesondheid inhou. Gesonde diere produseer en presteer beter.





- **Chlorophyll vorm in die spruite** se blare deur die blootstelling aan die sonlig. Chlorophyll is essensieel vir die bemagtiging van rooibloedliggaampies (suurstofdraers in die bloed). Geen kunsmatige ligte ewenaar die kwaliteit en kwantiteit van die Green Sprouts Booster tegnologie se impak op die chlorophyll en super kondisie van spruite nie.
- **Groenvoer is gelaai met voordelige ensieme.** Ensieme bevorder die afbreek van voer wat lei tot beter opneembaarheid.
- **Keratin in die groenvoer** lei tot beter vrugbaarheid by vroulike diere, beter lam en kalf persentasie.
- **Kontak ons vir meer informasie en in diepte besprekings op hierdie onderwerp...**

Wat maak 'n Green Sprouts Booster 'n nis produk?

- **Swamme word doeltreffend beheer** deur 'n tweeledige proses. Konstante vars lug word in die sisteem geblaas en met 'n spesiale produk waarin die groeipanne gedoop word het ons swamme heeltemal onder beheer gedwing.
- **Natuurlike sonlig word gebruik** vir die beste Chlorophyll resultaat in die plante
- **'n Spesiale afkoelingsproses** is ontwerp wat beide koste effektief is en baie maklik onderhou word
- **Die lopende en produksie koste is die laagste** op die mark

- **Uiters gebruikers vriendelik** wat ook insluit die voordeel om te kan inloop in die sisteem wat maklike toegang tot elke part in die sisteem bied.
- **Die sisteem verg minimale arbeid** en is so ontwerp sodat die arbeiders maklik kan verstaan
- Roesvrye materiaal word gebruik
- 'n **Ekonomies** lewensvatbare produk

Wat hou die toekoms in?

By Greensprouts Solutions is ons konstant besig met innovasie. Nuwe tegnologie maak ons almal baie opgewonde, in besonder oor ons:

- Nuwe **Hidroponiese** stelsels. (kommersieel sowel as kleiner huisgebruik)
- Ons eerste **"Hybrid"** sisteem. (Word binnekort geïnstalleer, stel jou in staat om beide gars en groente in een sisteem te produseer)
- Ons is eg-en **trots Suid-Afrikaans**. (Ons verstaan die behoefte van die Afrika omstandighede.)

Skakel ons gerus vir meer inligting.


Kantoor: [044 873 0371](tel:0448730371)

Vivian: [082 673 7211](tel:0826737211)

Victor: [061 983 1872](tel:0619831872)

Epos: Info@greensprouts.co.za

Web tuiste: www.greensprouts.co.za





LAE ONDERHOUD
MIN WATER VERBRUIK
GEEN VERMORSING



WEN DIE

VEE VOER

DROOGTE

Victor +27 (61) 983 1872
info@greensprouts.co.za
www.greensprouts.co.za

- Saad tot voer in 7 dae
- Vervang 15HA besproeiings land
- Vars groen voer regdeur die jaar
- Natuurlike sonlig
- Hoog in nutriënte
- SporeBuster elimineer swamme



SELENIUM
METIONIEN

Immunititeit
Hupstoot

SLEGS VIR DIEREGEBRUIK.

Combi-Min

VIR SKAPE EN BOKKE

VIR BEESTE

Vitamen- en mineraal kompleks vir die behandeling van tekorte in beeste, skape en bokke.

- ✓ **Vitamen A**
ONDERSTEUN DIE AKSIES VAN SINK
- ✓ **Vitamen E**
ONDERSTEUN DIE AKSIES VAN SELENIUM
- ✓ **Minerale**

- Sink
- Mangaan
- Selenium
- Koper (in die bees variant alleenlik)



Beskikbaar in 100 ml en 500 ml



BOERhier

Combi-min vir Skape en Bokke, Reg. Nr.: G4285 (Wet 36 van 1947), Aktiewe bestanddele per ml: Vitamien A 75 000 IU, Vitamien E 25 IU, Sink (Zn) 11 mg, Selenium (Se) 0,8 mg, Mangaan (Mn) 2,7 mg.
Combi-min vir Beeste, Reg. Nr.: G4287 (Wet 36 van 1947), Aktiewe bestanddele per ml: Vitamien A 25 000 IU, Vitamien E 50 IU, Koper (Cu) 4 mg, Sink (Zn) 11 mg, Selenium (Se) 1,25 mg, Mangaan (Mn) 2,7 mg.
Registrasiehouer: Antrovet SA (Pty) Ltd, Reg. Nr.: 2010/001184/07, Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045.
Tel: +27 (0) 11 826 2988, www.antrovet.co.za Find ons op Facebook.

Akwaponika in Suid-Afrika



By Henk Stander

Akwaponika, die kombinasie van visboerdery en die kweek van gewasse soos kruie en groente, mag dalk die oplossing bied vir voedseltekorte en inkomste geleenthede vir nuwe boere in Suid-Afrika.

In akwaponika-stelsels word plante gekweek net soos by hidroponiese stelsels, met hul wortels in kontak met voedingsryke afvalwater. Hierdie afvalwater kom van tenke waarin varswater visse uitgroeï en word, nadat voedingstowwe deur die plantwortels opgeneem en gefiltreer is, weer na die vistenks teruggevoer.

Akwaponika Tegnieke

Algemene akwaponiese tegnieke sluit die volgende in:

Diep-water vlot akwaponika

Met hierdie stelsel word die plante in drywende polistireen vlotte in 'n relatief diep (30 – 40 cm) waterbad geplant.

Die voordele van hierdie stelsel is dat die water temperatuur en pH baie konstant bly, maar die nadeel is dat 'n ekstra biologiese filter nodig is vir die afbreek van die ammoniak.

Hersirkulerende akwaponika groeibeddings

In Engels word hierdie stelsel die 'growing power model' of 'closed loop aquaponics' genoem. Die akwaponika-stelsel – bekend as geslote-lus akwaponika – gebruik vaste mediums soos gruis

of klei kraletjies. Plante word geplant in die vaste medium binne 'n houer wat oorstrom word met water vanaf die akwakultuur tenke. Die tegniek werk goed vir rankerige plantsoorte soos aarbeie, tamaties en grenadellas.

Wederkerige akwaponika

Vaste mediums soos gruis of klei kraletjies word gebruik in 'n houer wat om die beurt oorstrom en gedreineer word wanneer 'n sekere watervlak bereik word. Dreinerings is belangrik om te verhoed dat die plante se wortels permanent onderwater is en dus om verrotting te voorkom.



©Marinda Louw



©Marinda Louw

Dreining van die water geskied deur 'n reeks afvoerpype – 'n klok-hewel uitlaat – wat die water in intervalle dreineer.

Hierdie tegniek van akwaponika is bekend as vloed-en-dreineer of eb-en-vloei akwaponika en word in Engels 'flood and drain aquaponics' genoem.

Hierdie is die ideale stelsel vir beginners aangesien dit makliker is om te bestuur en 'n groot verskeidenheid plante met hierdie stelsel geproduseer kan word. Dit werk ook uitstekend vir plante wat meer ondersteuning nodig het soos tamaties, komkommers of pampoens.

Ander akwaponika stelsels

Die vertikale stelsel gebruik torings gemaak van vertikale plastiekpype wat van bo deur middel van straaltjies water gevoed word. Plante word in openinge in hierdie pype geplant. Hierdie stelsel staan bekend as 'n vertikale sisteem.

Voedingstof film tegniek het kanale van horisontale PVC plastiek pype – soos 'geute' – met openinge vir die potte. Die water word dan horisontaal met die pype langs na die potte toe gevoer wat in die 'geute' hang.

Plastiek 200-liter dromme word in die helfte gesny en gevul met of gruis of water waarin polistireen vlotte dryf.

Akwaponika vir Nuwe Boere

Die aanwendingsmoontlikhede van akwaponika as tegnologie is legio. Dit kan op verskillende skale gedoen word en so verskillende behoeftes vervul – van familieproduksie deur nuwe boere tot op kommersiële skaal.

Akwaponika kan op 'n klein skaal, soos in die agterplaas gebruik word om vars produkte aan 'n huishouding te voorsien. Hiervoor kan karp, kurpers/tilapia of babers in 'n 500-liter grootte vistenk gebruik word. Die wederkerige tegniek of media-groei beddens word aanbeveel vir nuwe boere.

Akwaponika as tegnologie is uiters geskik vir nuwe boere vir verskeie redes:

- Dit kan op 'n kleinskaal begin word en maklik later uitgebrei word.
- Dit is nie baie arbeidsintensief nie.
- Dit kan met relatief goedkoop materiaal opgerig word.
- Vrugbare grond of 'n groot hoeveelheid water is nie voorvereistes nie.

Akwaponika op 'n medium skaal is geskik vir die voorsiening van vars produkte aan 'n gemeenskap soos 'n skool, ouetehuis, restaurant of hotel. Op kommersiële skaal kan dit beoefen word as 'n boerdery vertakking of as enkele bedryfstak.

Die verhouding tussen die aantal visse en die plante sal afhang van die kwaliteit van die visvoer, visspesie en die tipe plant variëteite wat geplant word. Hoër-vlak plante en ook vrugte-draende plante benodig meer opgeloste voedingstowwe.

Voor daar begin word met enige vorm van akwaponika, is tegniese kennis nodig en word dit daarom aanbeveel om praktiese opleiding te ondergaan.

Die Koste van Akwaponika Stelsels

Elke akwaponika-stelsel het sy eie voor en nadele. Die koste van akwaponika-stelsels hang af van die grootte van die stelsel, ontwerp en tipe materiaal wat gebruik word en kan wissel tussen R1 000 tot miljoene rande vir groot kommersiële stelsels.

Markte vir Akwaponika Produkte

'Die mark is alles' mag dalk na 'n cliché klink, maar dit staan soos 'n paal bo water – dit is die dryfkrag van alle landboustelsels.

Leer ken jou mark deur vooraf voldoende marknavorsing te doen. Gaan gesels met potensiële kliënte en vind uit wat hulle spesifieke behoeftes is. Vind uit watter plant variëteite (of vissoorte) hul benodig, in watter hoeveelhede en watter tyd van die jaar. Indien moontlik stel bemarkingskontrakte op met kliënte.

Dit is ook raadsaam om 'n verskeidenheid van produkte aan te bied in plaas van net 'n enkele produklyn, soos byvoorbeeld verskeie blaarslaai tipes en kruie variëteite. Fokus op hoë-waarde plant variëteite soos vars kruie, bessies en rissies; hierdie produkte het groter winsgrense.

Die visspesies wat in akwaponika gebruik kan word sal afhang van watter visspesies toegelaat word in jou omgewing. Vind uit by jou provinsiale natuurbewaringsdepartement. Die visspesies wat mees algemeen gebruik word in akwaponika in Suid-Afrika sluit in kurper, baber, karp en ornamentele visse.

Bron: <https://southafrica.co.za/af/akwaponika-in-suid-afrika.html>



ANNEKE WIESE
072 945 1278

Kontak my vir

DRAGTIGHEIDSONDERSOEKE

op beeste & skape

asook

BRAND MERK EN ALGEMENE WERK

van beeste & skape



**AGRI
SONAR
SCANNING**


sal van die
**22ste April tot
die 5de Mei**
in die Gauteng/
Limpopo/
Mpumalanga en
Noord-Wes areas
wees as enige
iemand hul diere
wil scan kontak
Anneke by
0729451278
vir kwotasies

Leer meer



DAMVLAKKE

Soos op 19 April 2022



April		
	2021	2022
Oos-Kaap	55%	67%
Vrystaat	99%	107%
Gauteng	100%	104%
KwaZulu-Natal	73%	92%
Limpopo	87%	90%
Mpumalanga	88%	96%
Noord-Wes	83%	79%
Noord-Kaap	90%	115%
Wes-Kaap	51%	57%

BOERhier

www.boerhier.co.za

Provincial Summary (sawx.co.za)

ADVERTENSIE TARIIEWE

083 501 0501

063 372 3391



Een prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer

- Voorblad + Artikel + Halfblad Advertensie = R6 000 per maand
 - Artikel + Halfblad Advertensie = R4 000 per maand
 - Volblad Advertensie = R4 000 per maand
 - Halfblad Advertensie = R3 000 per maand

Bg. advertensies sluit in: Advertensie weekliks op 5x sosiale media groepe (veilings x6)

Opstel van advertensies beskikbaar @ addisionele koste

Individuele prys per tydskrif

- 1 X Voorblad = R2 000 per maand
- 1 X Artikel met 3 foto's = R1 000 per maand

(Terme & Voorwaardes geld)

Adverteer vir 12 maande en kwalifiseer vir een gratis artikel elke maand.

Adverteer vir 6 maande en kwalifiseer vir twee artikels gedurende die 6 maande.

Die wetenskap van wolproduksie

Zanmari Crous

Skaapboere fokus hoofsaaklik op twee eienskappe van hul skaapboerdery. Wolproduksie of vleisproduksie. Beide eienskappe kan 'n goeie finansiële bydra maak tot die boerdery en moet dus goed bestuur word om optimale wins daaruit te verkry. In die artikel gaan daar meer op wolproduksie en die wetenskap daaragter gefokus word.

Die potensiaal van 'n skaap se wolproduksie begin al ontwikkel in utero vanaf dag 65 van fetus ontwikkeling. Die boer moet dus na sy dragtige ooie omsien om te verseker dat die nuwe lammers optimale wolfollikels ontwikkel.

Primêre en sekondêre wolfollikel ontwikkeling

Die wol produksie “fabriek” kom voor in die \pm 50 miljoen follikels in die vel van 'n skaap.

Die wolfollikel populasie se ontwikkeling begin in die vel tydens fetale groei. Die follikels ontwikkel tydens verskeie stadiums van dragtigheid. Die eerste stadium is die vorming van primêre follikels (dag 65 tot 100 van dragtigheid), die tweede stadium van follikel ontwikkeling is die vorming van sekondêre wolfollikels (dag 90 tot 130 van dragtigheid) en die derde stadium is die uitbreiding van die sekondêre follikels (dag 100 tot 130 van dragtigheid). Vanaf die stadium, is daar nie weer verdere wolfollikel ontwikkeling nie, slegs die bestaande wolfollikels sal ten volle ontwikkel tot op 4 weke na geboorte. Primêre wolfollikels word gekenmerk deur die teenwoordigheid van sweetkliere en 'n “arrector pili”/ haarspier. Alle

follikel tipes het smeerkliere wat verantwoordelik is vir die neerlê van olies en lanolien in die vesel tydens veselproduksie. Die vel se follikel populasie is ten volle ontwikkel teen vier maande na geboorte. Na hierdie ouderdom verlaag die digtheid van die follikels soos die oppervlak area van die skaap allometries gekoppel is aan die lewendige gewig van die skaap. Gevolglik is daar bewys dat die veseldikte van die Merino skaap proporsioneel is tot die lewendige gewig. Dit is in oorstemming met die allokasie van nutriente na die deursnit area wat proporsioneel is tot die toename in vel oppervlak as gevolg van die



dier wat groei. Daarom, die veseldikte verander proporsioneel soos die grootte van die dier verander.

Die produksie van wolvesels in die follikels

Die wolfollikel het drie hoofstreke van veselproduksie: die follikelbol of ontkiemingsgebied, die sone van keratinisering en die sone van finale verharding. Selle vermeerder vinnig in die follikelbol en die dogterselle of verbygaande amplifiserende selle migreer in 'n distale rigting op die follikel. Tydens hierdie migrasie sintetiseer hulle vinnig keratien, die hoë-swael-aminosuurveselproteïene. Keratien word gesintetiseer uit aminosure afkomstig van die omliggende bloedvate en vervoer aan die selle deur aminosuurvervoerstelsels. Wolproteïene word dan gevorm deur die normale geentranskripsie/translasiemeganismes van soogdierselle. Die binneste wortelskede, wat die veselselle omring, word ook vervaardig deur die selle wat in die follikelbol geproduseer word. Trouens, die meeste van die selle wat in die follikelbol geproduseer word, produseer hierdie skede en nie die werklike vesel nie. Die wortelskede verhard voor die veselselle en produseer 'n "kleurstof" waardeur die wolselle gegiet en gevorm word. Soos die selle die einde van die keratiniseringssone nader, word



die skedeselle geresorbeer en die veselselle dehidreer en verhard. Die verharding is 'n gevolg van die produksie van disulfiedbindings tussen swaelatome op die sisteïenreste in die keratienproteïene.

Wolwesels bevat twee hoof selteipes: die kortikale selle, wat die grootste deel van die vesel vorm en wat dun, verlengde selle is (ongeveer 5 μm breed en 100 μm lank), en die kutikula selle, wat dun (1 μm) plat selle is, wat die vesel omring en met mekaar oorvleuel om die tipiese skaalpatroon te produseer wat op diervesels gesien word. Die kortikale selle bestaan uit twee tipes: die parakortikale selle, wat tipies hoog is in swaelbevattende aminosure, en die ortokortikale selle, wat gekenmerk word deur laer-swaelproteïene. Wolwesels word gekenmerk deur gereelde herhalings van krimp of krul van die vesel. Hoe hoër die frekwensie van krimp, hoe fyner is die deursnee van die vesel, hoewel die verhouding ver van perfek is. Die krimp in wol is 'n gevolg van 'n kombinasie van differensiële verharding van selle aan die een kant van die vesel relatief tot die ander, wat geassosieer word met differensiële tempo van selproduksie aan weerskante van die dermale papilla, die klein tong van weefsel wat in die follikelbol ingevou is.

In die volgende uitgawe word die effek van voeding en genetica op wolgroei en wolkwaliteit bespreek.



**AffiePlaas
Fotografie**

Maak die oomblik joune



*Landbou
Fotograaf*

Noord Vrystaat

Zanmari Crous

066 226 8247

zcrous12@gmail.com



6th Gear Nomad

Fotografie & Video Produksies

074 409 3929 / Epos: doodskoot1965@gmail.com

www.6thgearnomad.co.za

Algemene siektes en behandeling by beeste in Somer/Herfs

Zanmari Crous

Goeie somer reën het geval, die veld lyk mooi en die diere is rond en gesond. Daar is tog heelwat siektes wat voorkom onder die beeste. Volg die reeks artikels waar daar na elke seisoen gekyk gaan word en op watter siektes aandag geskenk kan word.

Insek oordraagbare siektes

Drie dae stywe siek

• Simptome

Die virus word deur bytende insekte oorgedra. Alle ouderdomme diere is ewe vatbaar, maar swaar bulle en koeie wys die duidelikste simptome. Diere lê baie, bewe as hulle staan en loop met stywe ledemate. Dikwels is daar helder neusafskeiding en speekselvloei. Die mis is dikwels slymerig en bevat soms bloed. In baie swaar bulle kan die simptome skielik en baie dramaties wees. Asemhaling is vinnig



en in uitsonderlike gevalle kan daar sponserige swelsels oor die bors verskyn wat onderskei moet word van sponssiekteletsels. Koeie droog dikwels op.

• Behandeling

Antibiotika en pynstillers en algemene versorging van diere wat lê.

• Voorkoming

Ent bulle en melkkoeie jaarliks.

Knopvelsiekte

• Simptome

Word vermoedelik deur bytende insekte oorgedra, maar die speeksel van besmette diere is ook aansteeklik en kan met drinkwater oorgedra word. Aanvanklik wys diere speekselvloei, neusafskeiding en mankheid wat nie juis die eienaar opval nie. 'n Week later begin opvallende knoppe egter regoor die lyf uitslaan. Die knoppe wissel van 1 to 4 cm in deursnit en kan of vanself verdwyn of die vel sterf af en laat redelike diep sere wat 'n geruime tyd neem om te genees. In erge gevalle word moeilike asemhaling ondervind a.g.v. letsels in die lugpyp. Letsels kan ook in die dermkanaal ontstaan.



• **Behandeling**

Antibiotika teen sekondêre infeksie van die vel. Indien die dooie vel begin losgaan, moet gewaak word teen maaiers. Diere wat baie moeilik asemhaal staan 'n goeie kans om te vrek.

• **Voorkoming**

Kalwers kan op 6 maande daarteen geënt word en dan jaarliks daarna.

Slenkdalkoors

• **Simptome**

Slenkdalkoors word veroorsaak deur 'n virus wat deur muskiete aan beeste en skape oorgedra word. Die siekte kom tipies na goeie reënjare voor en veroorsaak dikwels grootskaalse vrektes, veral onder jong diere. Die siekte tas mense ook aan, maar word aan mense oorgedra deur kontak met siek diere of vars karkasse en nie deur muskietbyte nie. In jong diere word akute vrektes waargeneem. Siek diere wys buikpyn, geelsug en soms diarree. 'n Baie hoë koors wat min op koorswerende middels reageer is ook tipies (41-42 grade C). Aborsie is 'n verdere komplikasie wat baie algemeen voorkom: die fetusse is gewoonlik in 'n gevorderde staat van ontbinding.

• **Behandeling**

Omdat ons hier met 'n virussiekte te doen het, is



daar geen spesifieke behandeling nie. Siek diere moet so min moontlik hanteer word om oordrag na die mens te voorkom. Sorg moet veral gedra word wanneer nadoodse ondersoeke op vars karkasmateriaal gedoen word. Koorswerende middels mag wel help om minder ernstige gevalle vroeër aan die vreet te kry.

• **Voorkoming**

Daar is drie entstowwe beskikbaar vanaf Onderstepoort Biologiese Produkte. Die lewendige Slenkdalkoorsentstof word normaalweg aan skape toegedien. Aangesien die entstof aborsies mag veroorsaak, word dit nie aan dragtige diere toegedien nie. Die geïnaktiveerde entstof word gewoonlik in beeste en dragtige skape gebruik. Dit gee egter nie so 'n goeie immuunrespons soos die lewendige entstof nie en moet derhalwe jaarliks herhaal word. Met die uitbraak van Maart 2010 is daar egter 'n geweldige aanvraag na die geïnaktiveerde entstof en word al die beskikbare dosisse aangewend in die areas deur die uitbraak geraak. Die nuutste entstof word Clone 13 genoem en is 'n lewende entstof wat volgens Onderstepoort veilig is in dragtige diere.

Dit is belangrik om diere weg te hou van panne en vleie om blootstelling aan die muskiete te verhoed. Vliegwerende dipstowwe soos dié wat deltametriene en sipermetriene bevat kan gebruik word om muskiete van die diere te weer.

Bosluisoordraagbare Bloedparasiet siektes

Rooiwater (Afrika en Asiaties)

• **Simptome**

Bees het 'n hoë koors, rooierige of bruin uriene, bleek/geel slymvliese, vinnige vlak asemhaling, pap miskoeke dikwels baie geel. Daar is 'n tipe



rooiwaterorganisme wat senuweesimptome baie soos die van hartwater veroorsaak. Dit word Europese rooiwater genoem en die organismes word dan in rooibloedselle in die brein gesien.

Die siekte word deur die bloubosluis oorgedra.

- **Behandeling**

Berenil, Dimisol, Reverin of Forray 65, vit B-kompleks, lewerondersteuningsmiddels.

- **Voorkoming**

Diere vanuit areas waar rooiwater nie voorkom nie kan geënt word. Daar moet gewaak word daarteen om diere in gebiede waar die siekte wel voorkom, nie te skoon van bosluise te hou nie. Diere kan hul weerstand binne 'n paar maande verloor. Kalwers het 'n natuurlike weerstand tot ongeveer ses maande oud en raak meestal immuun in gebiede waar die siekte voorkom, maar in uitsonderlike gevalle kan jong kalwers tog siek word.

Galsiek

- **Simptome**

Wisselende koors, bleek/geel slymvliese, droë



mis, uriene baie geel. Die bloubosluis dra beide soorte galkoorsorganismes oor.

- **Behandeling**

Tetrasikliene (dubbel dosis), Doksisiklien, Forray 65. Lewerondersteuning. Rumenondersteuning

- **Voorkoming**

Dieselfde as rooiwater

Bogenoemde is van die mees algemene en belangrikste siektes om van kennis te neem vir die spesifieke tyd van die jaar. Raadpleeg u veearts vir inligting rondom spesifieke siektes in u gebied.



**VEEHANteringSTOERuSTING
LIVESTOCK HANDLING EQUIPMENT**

www.algar.co.za algar@algar.co.za



JAY-LOR

Self-Propelled
MINI TMR
MIXERS now
available

0823246256

FACEBOOK/AlgarVeetoerusting



Algar – the efficient work kraal



DIE NUWE ENKELKAJUIT NISSAN NAVARA

vanaf

R282 521.74

BTW uitgs.



OUR BHEJANE (Rhino)

Beste in sy klas vir enkelkajuite:

- Lae onderhoudskoste
- Effektiewe brandstof verbruik
- Kompeterende pryse op parte
 - 6 Jaar/150 000km waarborg ingesluit
 - 6 Jaar/90 000km diensplan ingesluit

PRODUKTA NISSAN

Tel: 013 753 7305 | H/v Weir & Lydenburg Straat Nelspruit
www.produktanissan.co.za



Myburgh Verhuring

Huur die Kontoermaker en die Paalslaner in April, Mei en Junie en kry 10% afslag!

Vanaf Julie is dit weer gewone prys



Kontoermaker

R1650 btw ing per dag



Paalslaner

R995 btw ing per dag

www.mtoer.co.za


mybtoer@gmail.com

0824170175

BOERhier

LEWERSLAKBEHEER

vir optimale gesondheid in jou beeskudde















Wanneer om watter produkte te gebruik?

STRATEGIES GENESEND	Gebruik: Trinex Plus 19.5% of Maxifluke	
Laat Herfs tot vroeë Winter	Optimale tyd om te behandel is na die eerste ryp (Mei-Junie).	Strategies genesende behandeling om vroeë onvolwasse-, onvolwasse- en volwasse lewerslak stadiums te beheer om lewerskade te voorkom en om die lewerslakklas gedurende die winter te verminder.
STRATEGIES VOORKOMEND	Gebruik indien koue winter: Endoject + Fluke of Ivermax + Fluke of Levoxy 5.9% Of Gebruik indien warm winter: Trinex Plus 19.5% of Maxifluke	
Vroeë Lente	Optimale tyd om te behandel is voordat die temperatuur begin styg (Augustus - September).	Strategies voorkomende behandeling om oorblywende slakbesmetting te verwyder en om weidingsbesoedeling met lewerslakeiers te voorkom.
TAKTIES GENESEND	Gebruik: Trinex Plus 19.5% of Endoject + Fluke of Ivermax + Fluke of Levoxy 5.9% of Maxifluke	
Laat Somer tot Herfs	Kliniese gevalle of uitbrake van lewerslak kan gesien word.	Takties genesende behandeling om kliniese gevalle van lewerslak te behandel.



Produk riglyn

Kyron Agri Produk			Aktiewe Bestandeel	Rondewurm beheer	Lewerslak beheer			
					Tipe	Vroeë on-volwasse	Onvolwasse	Volwasse
Endoject + Fluke		 500ml <small>Reg. Nr. G3648 Wet 36/1947</small>	Klosantel	Ja	Lewerslak & Reuse lewerslak		✓ (**)	✓ (*)
Ivermax + Fluke		 500ml <small>Reg. Nr. G4224 Wet 36/1947</small>	Klorsulon & Ivermektien	Ja	Lewerslak & Reuse lewerslak			✓ (*)
Levoxy 5.9%		 1L, 5L, 10L <small>Reg. Nr. G3916 Wet 36/1947 NSD V13/18.1.8/1188 Wet 13/2003</small>	Oksiklosanied & Levamisool	Ja	Lewerslak & Reuse lewerslak			✓ (*)
Maxifluke		 1L, 5L, 10L <small>Reg. Nr. G3619 Wet 36/1947 NSD V14/18.1.1/1238 Wet 13/2003</small>	Triklabendasool	No	Lewerslak	✓ (*)	✓ (*)	✓ (*)
					Reuse lewerslak	✓ (**)	✓ (*)	✓ (*)
Nemarox		 1L, 5L, 10L <small>Reg. Nr. G3828 Wet 36/1947 NSD V09/18.1.8/872 Wet 13/2003</small>	Rafoksanied & Levamisool	Ja	Lewerslak & Reuse lewerslak			✓ (*)
Trinex Plus 19.5%		 1L, 5L <small>Reg. Nr. G3814 Wet 36/1947 NSD V14/18.1.8/1244 Wet 13/2003</small>	Trikabendasool & Levamisool	Ja	Lewerslak & Reuse lewerslak	✓ (*)	✓ (*)	✓ (*)

Nota: Verwys na die produk se voubiljet vir verdere inligting.

Doeltreffendheid
 Beheer => 90% doeltreffend;
 ** Hulp in beheer = 60-89% doeltreffend

Weidings riglyn vir gevaar areas - vleilande

WINTER

LENTE

SOMER

HERFS

Veiliger periode om vleilande te wei

Gevaar periode om vleilande te wei op besmette plase



Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal, Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika, Tel: 0861 247 463.

Toekoms van ons Landbou is in die jeug se hande



deur Agricolleges International

As gevolg van ons huidige ekonomiese toestand, moet jong mense in Afrika ongelukkig verskeie werkseleenthede hê om te oorleef. Alhoewel baie van hulle gemotiveer word deur verskeie mikro-besigheids idees, vind hulle dikwels dat 'n landbou verwante beroep baie tyd vereis op een bestemming en daarom sal dit moeilik wees om verskeie ander strome van inkomste na te streef.

Daar is 'n duidelike gebrek aan navorsing oor die daaglikse lewens van Afrika-jeug terwyl hulle versekerde, en beter betaalde werk soek. Die Afrika-jeug beskou landbou nie as 'n lewensvatbare beroep nie, en dis omdat hulle 'n oningeligte benadering en persepsie tot landbou aanvaar het.

Die landbousektor kan teen 2023 meer as nege miljoen stabiele werke verskaf en tot 14 miljoen werke as groei binne die sektor versnel word, sê Ann Miles, Direkteur van Programme, Finansiële Insluiting en Jeug Lewensvatbaarheid.

Nóú gaan ons boer

AGRICOLLEGES international (ACI) is gemik daarop om die benadering na landbou onderrig radikaal te verander. Ons kursusse is ontwerp en saamgestel deur gebruik te maak van die nuutste en mees relevante leermateriaal om sodoende kennis en vaardighede relevant te hou. Die kursusse word aangebied op 'n moderne aanlyn leerplatform en die studente ontvang net die beste aandag vanaf ons bekwame kursus fasiliteerders.

Moderne tegnologie wat van verskeie onderrig en leer metodes gebruik maak, voorsien dat daar 'n meer holistiese benadering is tot voornemende studente se behoeftes. Dit sluit die gebruik in van audiovisuele tegnologie, multi-dimensionele tegnologiese modelle, die gebruik van sagteware, toepassings, en innoverende interaktiewe elemente wat deel vorm van Agricolleges se onderrig raamwerk.

'n Groter aanvaarding vir moderne tegnologiese prosesse in die werkplek sal beteken dat die aanvraag na spesifieke vaardighede oor die volgende vyf jaar wel sal verander. Die vaardigheidsgaping sal vergroot en daar sal 'n tekort wees aan opleiding in gespesialiseerde landbou velde en vaardighede.

Verbeterde toegang na die landbou sektor

Die landbousektor moet meer toeganklik wees vir die jeug in Suid-Afrika, met meer landbouskole en 'n groter hoeveelheid landbouvakke in bestaande skole. Só het die



Wes-Kaapse minister van landbou, Ivan Meyer, gesê tydens 'n virtuele seminaar van Agri Wes-Kaap.

Volgens Meyer moet die breër landbousektor versterk word met voorligting en ondersteuning om internasionaal met hul produkte te kan meeding. "In die res van die wêreld kry baie van die boere subsidies," het Meyer gesê.

As gevolg van die feit dat daar nie huidiglik genoeg getalle jongmense in die landbousektor werksaam is nie, meen die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, Thoko Didiza, dat jongmense die boustene vir toekomsontwikkeling in dié sektor verteenwoordig.

Die minister het aan 'n ministeriële debat in die nasionale raad vir provinsies deelgeneem oor moontlike ingrypings om werkloosheid en armoede onder die jeug te verminder. Dit volg nadat Statistieke SA se jongste werkloosheidsyfers toon dat nagenoeg 66,5%

van jeugdiges tussen 15 en 24 jaar en 42,9% van jeugdige tussen 25 tot 34 jaar tans werkloos is.

Volgens die minister is die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling daartoe verbind om 'n aktiewe rol te speel in terme van die ekonomiese insluiting van die jeug.

Die landbousektor het 38 000 werksgeleenthede beskikbaar gestel, maar die bedryfsgroep Agri SA het opgemerk daar wel 'n 20,6%-afname in geskoolde landbou-indiensneming was in vergelyking met die vorige jaar.

ACI se benadering om nuwelinge te lok

ACI is AgriSETA geakkrediteer en bied daarvolgens vier- een jaar geakkrediteerde Nasionale sertifikaat kursusse aan in Algemene Landbou, Plant Produksie, Plant produksie met 'n fokus op Cannabis en Hemp, en Diere Produksie. Die platform huisves ook 'n reeks kort kursusse wat fokus op landbou besigheid, wetenskap en produksie.

AGRICOLLEGES mik nie net om die beste aanlyn leerplatform te wees vir alle landbou leerders en liefhebbers nie, maar om ook die globale onderwysgaping te verklein deur elke moontlike student regverdige geleenthede te gee. Vir meer inligting oor ACI se benadering en bydrae tot die groter prentjie, besoek gerus ons webtuiste by: <https://agricolleges.com/>

AGRICOLLEGES international
sê:

**Landbou
is Lekker!**

Leer meer oor ons by:
www.agricolleges.com



AGRICOLLEGES
internationaal

Boer, Beter, Beste!



Besoek www.agricolleges.com



Die belangrikheid van kultuur in jou Boerdery en hoe om dit op te knap

“The discovery of agriculture was the first big step toward a civilized life.” – Arthur Keith



Deel 2 van 3

Plaasbestuurder.co.za werk nou saam met verskillende soorte Boerderye en Landboubesighede – beide groot en klein – en het ons die volgende wenke oor tyd versamel wat kan help om jou Boerdery of Maatskappy se kultuur te bou en jouself op te stel vir sukses

8 Wenke om die kultuur in jou Boerdery te verbeter

“Ons werkplekkultuur is samewerkend, bemoedigend en buigsam. Ons het goeie personeel wat baie goed oor die weg kom en hard werk as ’n span na ons gemeenskaplike doel om die beste ervaring en produkte vir ons kliënte te bied. Ons waardeer spanwerk, betroubaarheid, werknemergroei en vooruitgang, balans tussen werk en lewe en is trots op ons gemeenskapsbetrokkenheid. Ons verwag kommunikasie en deursigtigheid asook resultate, en ons werknemers word uitgedaag om hul heel beste te lewer.” is ’n voorbeeld van ’n gesonde werksplekkultuur opsomming.

Sodra jy jou ideale maatskappykultuur geïdentifiseer het, is dit tyd om ’n opsetlike strategie te skep wat jou waardes uitbring. Verbeter die eienskappe van jou huidige werklikheid wat die goeie van die organisasie ondersteun, en verander die eienskappe wat groei belemmer en jou aftrek.

2. Neem die regte mense in diens

Wanneer jy die regte persoon vir die regte werk aanstel, wen almal en sal die nuwe werknemer meer produktief wees, inpas en bydra tot die maatskappy se kultuur, en bydra dat jou Boerdery floreer.

Net so, aan die ander kant, as jy haastig en vinnig die verkeerde persoon aanstel, sal jy verminderde produktiwiteit, hoër kostes en moontlik swak moraal in jou Boerdery inbring. Hierdie swak moraal is aansteeklik en sal jou besigheid se kultuur beïnvloed.

Alhoewel die werwingsproses soms tydsaam is en dit kan voel of die arbeidsmark beperk is, is dit belangrik om die regte kandidaat te identifiseer om langtermyn onproduktiwiteit en kostes te voorkom. Dit is raadsaam om gedurende ’n onderhoud met ’n potensiële kandidaat vra te vrae wat verband hou met kernwaardes en kultuur sonder om jou waardes en kultuur te openbaar. Vra vrae wat die kandidaat sal aanmoedig om te praat oor hul oortuigings, ervarings en werkstyl.



Hierdie benadering vrae sal jou meer openhartige en ware antwoorde gee in plaas daarvan dat die kandidaat jou net vertel wat hulle dink jy wil hoor.

Onthou, net soos jy 'n onderhoud met potensiële kandidate voer, voer hulle 'n onderhoud met jou. Maak seker dat jy jou Boerdery akkuraat verteenwoordig want as jou nuwe aanstelling voel hy/sy is mislei, loop jy die risiko om dieselfde gevolge te hê as iemand wat aangestel is wat net eenvoudig nie by die kultuur van die Boerdery kan aanpas nie en wat kan lei tot die versuuring van moraal omdat hulle mislei voel.

Kontak Plaasbestuurder.co.za via hulle webblad www.plaasbestuurder.co.za, of via hulle Facebook blad www.facebook.com/plaasbestuurder.co.za, of per e-pos by info@plaasbestuurder.co.za of kontak Vernon direk by [082 779 7788](tel:0827797788) om jou behoeftes met hom te bespreek.


“Laat ons op jou personeelwerwing fokus sodat jy 100% op jou Boerdery kan fokus.”


Plaasbestuurder.co.za




plaasbestuurder.co.za

Laat ons op jou personeelwerwing fokus sodat jy 100% op jou Boerdery kan fokus

 www.plaasbestuurder.co.za

 info@plaasbestuurder.co.za

 www.facebook.com/plaasbestuurder.co.za

 Vernon – 082 779 7788

Poste Beskikbaar



“Laat ons op jou personeelwerwing fokus sodat jy 100% op jou Boerdery kan fokus.”



Kontak Plaasbestuurder.co.za vir werksgeleenthede klik op die link – [Werkseleenthede · plaasbestuurder.co.za](http://Werkseleenthede.plaasbestuurder.co.za)



Die gebruik van preserveermiddels by hooimaak

Ons nader nou die end van die jaarsiklus waar weidings ge-oes word om as hooibale verkoop of geberg te word as voervoorraad gedurende die tye van tekorte.

Boere verstaan die belangrikheid van hierdie voerbron, maar word dikwels gedaag om seker te maak die endproduk is van optimale gehalte. As dit te droog is, kan die hooi opbreek of die hoër kwaliteit blaarmateriaal verloor, of as dit nie droog genoeg is nie, kan dit afgaan gedurende berging. Om laasgenoemde te voorkom, kan preserveermiddels direk na oes toegedien word, want dit kan help om hooiverlies te verminder deur die groei van skadelike mikrobe en muf te voorkom. In die praktyk egter, word ervaar dat die doeltreffendheid kan wissel na gelang van ruvoertipe en die voginhoud. Derhalwe het die outeurs hieronder aangehaal, ondersoek ingestel na die doeltreffendheid van chemiese- en mikrobeproduk toediening, deur meer as 50 geloofwaardige gepubliseerde studies in 'n meta-analise te ondersoek. In die analyses is die doeltreffendheid van 50 chemiese- en 21 mikrobe-preserveermiddels evalueer.

'n Opsomming van die vernaamste bevindings is as volg:

- In die algemeen kan chemiese preserveermiddels, veral dié wat organiese

suur gebaseer is, doeltreffend agteruitgang voorkom, maar die doeltreffendheid hang af van die voginhoud, peil van toediening en die ruvoertipe. Die mikrobiële preserveermiddels is veel minder doeltreffend en dit hang ook af van voginhoud.

- Die organiese suur gebaseerde preserveermiddels is doeltreffend om maksimum temperatuur, muf, nie-oplosbare stikstof en droëmateriaal verlies te verminder.
- Die toediening van preserveermiddels verhoog verteerbaarheid en bewaar die suikers in die hooi.
- Die doeltreffendheid van toediening verminder met voginhoud en derhalwe word groter dosisse preserveermiddel benodig by hoër vogpeile.
- Die preserveermiddels is meer doeltreffend by gras- as peulplanthooie, veral dié wat die pH binne plantselle verlaag. Peulplanthooie kan tot vierkeer die aanbevole toedieningspeile benodig om dieselfde maksimum temperatuur as by grashooie te handhaaf.

Verwysing:

Killerby, M.A., Reyes, D.C., White, R. & Romero, J.J., 2022. Meta-analysis of the effects of chemical and microbial preservatives on hay spoilage during storage. *J. Animal. Sci.* 100, skac023.doi:10.1093/jas/skac023.



Jakobus 4:10

“

**Verneder julle
voor die Here,
en Hy sal julle
verhoog.**

Klassifikasie en Verpakking van Eiers



Om verbruikers te beskerm en miskommunikasie te voorkom, moet produsente aan regulasie nommer 725 wat ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, Wet 119 van 1990 geadministreer word, voldoen as hulle eiers wil verkoop.



Skoonmaak van eiers
©Chris Daly

Korrekte Grootte

Dit beteken: Eiers van verskillende groottes mag nie saam in dieselfde houer verpak word nie. Dit moet ook apart uitgestal word as dit los verkoop word.

Die volgende gewig word gebruik om die grootte van 'n eier aan te dui:

- 'n Super Jumbo eier moet meer as 72g weeg
- 'n Jumbo eier moet meer as 66 g
- 'n Extra Large eier moet meer as 59g weeg
- 'n Large eier moet meer as 51g weeg
- 'n Medium eier moet meer as 43g weeg
- 'n Small eier moet meer as 33g weeg

- Verskillende groottes moet meer as 33g weeg en moet duidelik as verskillende groottes gemerk word, selfs wanneer hulle apart verkoop word. Dit moet gedoen word om verwarring te vermy.

Graad 1/Graad A

Die eierwit moet dik wees en die eier moet 'n ronde, goed gesentreerde eiergeel hê. Die lugsel moet klein wees met 'n maksimum diepte van 6mm en minder as 6mm in enige rigting beweeg wanneer die eier vertikaal gekantel word.

Die eier moet vry van vleisvlekkie wees en die dop moet skoon wees, nie gekraak nie en sterk wees. Die eierwitte moet 'n Huagh waarde van minstens 55 eenhede hê. (Hierdie waarde meet die proteïen gehalte van 'n eier, gebaseer op die fermheid van



©Chris Daly

die eierwit. Vars en hoër kwaliteit eiers het dikker witte as eiers van swakker kwaliteit.)

Graad 2/Graad B

Die eierwit moet dik wees en die eier moet 'n ronde, goed gesentreerde eiergeel hê. Die lugsel moet klein wees met 'n maksimum diepte van 6mm en minder as 6mm in enige rigting beweeg wanneer die eier vertikaal gekantel word.

Die eier moet vry van vleisvlekke wees en die dop moet skoon wees, nie gekraak nie en sterk wees. Die eierwitte moet 'n Huagh waarde van minstens 55 eenhede hê. (Hierdie waarde meet die proteïen gehalte van 'n eier, gebaseer op die fermheid van die eierwit. Vars en hoër kwaliteit eiers het dikker witte as eiers van swakker kwaliteit.)

Graad 3/Graad C

Hierdie eiers word nie in winkels verkoop nie. Die eiergeel is plat en soms langwerpige gevorm, terwyl die wit dun en waterig is. Die dop kan miskien gekraak of verkleur wees.

Verpakking en Bemarring

Eierverpakking moet nie enige smaak hê of reuk afgee nie. Dit moet sterk, ongebroke en goed toegemaak wees om die eiers te beskerm tydens normale hantering en vervoer. Dit moet nie oormatige vog tydens afkoeling absorbeer nie en dit moet behoorlik skoongemaak word. Die vorige etikette moet verwyder word indien die houer herwin word.



Geskikte verpakking sluit eenvoudige mandjies vir kortafstandvervoer en eierversameling in, vulbakke en polistireenpakkette. Los eiers, skuur eiers en gepasteuriseerde eiers moet voldoen aan die voorgeskrewe regulasies en as sodanig gemerk word. Die volgende inligting moet op die etiket wees:

- Die naam van die produk
- Die naam van die maatskappy (handelsnaam)
- Besonderhede van die pakker
- Die vervaldatum
- Die getal eiers
- Handel Metrologie
- Grootte
- Land van Oorsprong

Vertaal deur Nina Joubert

Bron: <https://southafrica.co.za/af/klassifikasie-en-pakking-van-eiers.html>

Graphic Design services



- ➔ Brochures
- ➔ Reports
- ➔ Magazines
- ➔ Adverts (print and social media)
- ➔ Word and PPT formatting and template design
- ➔ Invitations
- ➔ Logos
- ➔ Corporate branding
- ➔ Signage
- ➔ Posters
- ➔ Letterheads • Business cards • Flyers

For more information please contact:

082 784 1838

cpietersen001@gmail.com

Aflewering & Vervoer van Diere Delivery & Transport of Animals



**BESTAANDE VRAG VERSEKERING INGESLUIT
COMPULSORY LOAD INSURANCE INCLUDED**

**OPSIONELE VERSEKERING van INDIVIDUELE DIERE beskikbaar
op aanvraag – Kontak ons vir meer informasie**

**OPTIONAL INSURANCE for INDIVIDUAL ANIMALS available on
request – Contact us for more details**

CdP
**AUCTIONEERING
SERVICES**

**PW v Heerden: +27 (0)83 627 4133
BEMARKER | MARKETER | AFSLAER | AUCTIONEER**

**www.cdpauctioneers.co.za • cdp@cdpauctioneers.co.za
P.O. Box 1246, Lephalale, 0555 | Reg no: 2008/020012/23
VAT No: 4360246245 | APAC Registered – Raad vir Landbouprodukte
Agente NR125 | Import-Export Code: 218 859 85**

MARKETING

ADMIN

ONLINE



Landbou presteer in BBP

Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Produk het in 2021 met 4.9% gegroei. Die landbou-sektor, wat met 8.3% uitgebrei het, was die tweede grootste groeiende sektor ná mynwese (11.8%), volgens BFAP se perspektiewe op landbou se vertoning in die vierde kwartaal van 2021.

Die uitbreiding van die landbou-sektor is in lyn met BFAP se projeksie van 7.6% in hul jaarlikse basislyn-vooruitskouing wat in Augustus verlede jaar gepubliseer is. Wat dié groei meer indrukwekkend maak is die feit dat dit volg op 'n uitbreiding van 13.4% in 2020, wat beteken landbou is die sektor wat die beste vertoon het sedert die begin van die Covid-19-pandemie. Die landbou-sektor was merkwaardig veerkragtig tydens 'n uitdagende periode en het geweldig tot groei en voedselsekerheid bygedra.

Tydens die finale kwartaal van 2021 het die Suid-Afrikaanse ekonomie met 1.2% gegroei. Die beste groeikoerse was in die geval van landbou, bosbou en visserye (12.2%), gevolg deur handel, spyseniering en akkommodasie (2.9%), vervaardiging (2.8%), persoonlike dienste (2.7%) en vervoer, berging en kommunikasie (2.2%).

Dierlike produkte het in 2021 volgehoue groei getoon, terwyl dié sub-sektor in die laaste

kwartaal van die jaar met 6% uitgebrei het vergeleke met dieselfde tydperk in 2020.

Hoë pryse gaan voort om groei in dié inkomstegroep te ondersteun met die uitsondering van varkveis, waar pryse in die finale kwartaal van 2021 met 8% gedaal het. In inkomsteterme is dié afname meer as verreken deur hoër volumes aangesien hoër slagsyfers 'n 10% groei in bruto-produksiewaarde in kwartaal vier van 2021 ondersteun het.

Die bruto-produksiewaarde van beesveis het weens hoër pryse met 9% gegroei, wat 'n geringe sametrekking in slagvolumes verreken het. Onder die kleiner rooivleisbedrywe het die bruto-produksiewaarde van skape en bokke met onderskeidelik 2% en 24% gegroei.

Terwyl die inkomsteprestasie van dierlike produkte stewig was, gaan voerpryse in Suid-Afrika voort om te styg. Aangesien dit die grootste enkele bydraer tot produksiekostes in intensiewe produksiestelsels is, lei dit tot kommer oor winsgewendheid.

Gegewe die situasie in die Swartsee en die gepaardgaande hoë wêreldpryse, behoort Suid-Afrika se landbou-sektor in reële terme in 2022 vir die derde jaar in 'n ry te groei.

Bron: <https://rpbulletin.co.za/?p=2624>



HUNTING PROMOTION

1 April-30 June 2022



R400⁰⁰
Kaufmann Led Spotlight Rechargeable T600
420682



R250⁰⁰
Kaufmann Led Headlight 700 Lumen
368239



R200⁰⁰
Kaufmann Led Headlight 250 Lumen
567323



R74⁰⁰
Q-Gun Oil 150 ml
426343



R60⁰⁰
Okapi Knife Big Sable 1907E
400672



R65⁰⁰
Okapi Biltong Knife
386079



R75⁰⁰
Freddy Hirsch Boning Knife 13 cm 1'S
343930



R115⁰⁰
Freddy Hirsch Knife Steak 24 cm 1'S
351403



R330⁰⁰
450 mm 1920
23375
R345⁰⁰
550 mm 1925
23391



R88⁰⁰
450 mm
23427
R90⁰⁰
550 mm
117873



R85⁰⁰
M3 198 cm
24866
R95⁰⁰
M3 210 cm
24918



R125⁰⁰
Freddy Hirsch Butcher Knife 26 cm 1'S
343933



R125⁰⁰
Freddy Hirsch Steak Knife 26 cm 1'S
351406

for the LOVE of the LAND | www.vkb.co.za

AVAILABLE AT YOUR NEAREST RETAIL BRANCH



Bewaarders en Predasie Bestuur



Vee kan teen roofdiere beskerm word op verskeie maniere wat die gebruik van veewagters, waghonde, alpakas, donkies, volstruise en innoverende tegnologie insluit.

Veewagters

'n Veewagter kan een van die waardevolste bates vir 'n boer wees. 'n Goeie veewagter kan 'n natuurlike voorraadman wees wat probleme met diere maklik kan identifiseer en geen spanning versoorsaak wanneer daar na die diere omgesien word nie. Nie net hou hulle toesig oor die vee nie, maar ksn ook pro-aktief wees deur die heinings in 'n goeie toestand te hou en ekstra voorsorgmaatreëls te tref teen roofdiere wanneer daar siek of kwesbare diere is.

Hierdie werk is egter 'n baie eensame werk wat lang ure van die huis af vereis, veral as die vee oor groot areas wei. Baie mense stel nie meer belang om hierdie werk te doen nie. Die resultate hiervan is dat daar geen inligting oor die doen en late van veewagters meer van een generasie na 'n ander oorgedra word nie.

Volgens "Predators on Livestock Farms, a practical farmer's manual for non-lethal, ecologically acceptable and ethical management", saamgestel deur Bool Smuts, kan die gebruik van veewagters nuwe werkskeppings geleenthede in die arbeidsmark inbring. Dit gaan gepaard met goeie sosiale, ekonomiese en omgewings voordele, veral as dit vergesel word met goeie aansporings soos winsdeling en vennootskappe.

Waghonde

Veldwagters het deur die jare van verskeie tipes waghonde gebruik gemaak op die vee te beskerm teen roofdiere. Verskeie baster rasse soos die bekende "Turkish Anatolian Shepherd Dog" is die mees suksesvolste. Dit is alom bekend dat 'n goeie waghond veeverlies tot 90 persent kan verminder.

Hierdie ras is werkende honde en word tussen die vee geplaas op die ouderdom van ses tot nege weke. Die honde moet altyd by die vee wees en nooit alleen in die kraal agterbly nie, selfs al is daar net twee van die vee wat by hulle bly, sodat daar 'n band kan vorm tussen die vee en die ontwikkelende hondjies. Indien daar nie 'n band vorm nie is die honde nutteloos.

Alhoewel hulle moet weet wie hulle baas is, moet dit ingeprent word by hulle dat hulle daar is om die vee op te pas en nie die plaashuis, erf of mense nie. Die honde moet nie toegelaat word om te hardloop of te speel met die trop terwyl hulle grootword nie, want dit kan die diere in gevaar stel. Die honde moet ook vertrouwd gemaak word met die ander plaasdiere en vee, om te verhoed dat hulle hierdie diere as 'n bedreiging sien. Die honde moet nie toegelaat word om enige wild te jag nie en moet leer om spesies wat nie 'n



Waghonde, ©Ann Gadd

bedreiging inhou vir die vee nie, te verdra. Hulle sal nie hulle werk kan doen as hulle geleer het hoe om te jag nie.

Alpakas



Alpakas, ©Jacques Marais

Alpakas moet grootgemaak word met die vee sodat daar 'n sterk band kan vorm tussen die diere. Sodra daar 'n sterk band gevorm het, sal hulle hulle gebied patroleer en beskerm teen enige bedreiging deur te byt, skop, jaag en spoeg. Alpakas behoort verkieslik te werk in pare met omtrent 250 ooie op 250 hektaar vir elke paar.

“Predators on Livestock Farms”, 'n praktiese boere handleiding berig dat alpakas die lam presentasie tot 20 persent kan verhoog en roofdier verliese tot 80 persent kan verminder.

Donkies



©Ann Gadd


Donkies is tradisioneel gebruik as pak diere maar hulle is ook goeie bewaarders. Hulle word byvoorbeeld in Kenya gebruik om vee teen leeus te beskerm. Hulle het 'n goeie kudde instink en sal instinkief bly by die trop waarin hulle grootgeword het.

Merries word verkies bo hingste, omdat hingste aggressief kan word teenoor ander vee en selfs skade kan berokken aan heinings.

Vertaal deur Wilma Koeppen


Bron: <https://southafrica.co.za/af/bewaarders-en-predasie-bestuur.html>

Het jy geweet



vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za





VELLIEFEES 2022 - HEIDELBERG

'n Landboufees met 'n kultuur karakter!

Bespreek nou jou stalletjie en kom beïndruk
plaas- en stadsjapie met jou produkte of diens!

75 Landboustalletjies

400 VellieMarkstalletjies

52 Kos- en Drinkgoedstalletjies



Bernice West



**Demi Lee
Moore**



Appel



Ivan Roux



Synth Peter



Pieter Strydom



Juan Boucher



Jacques Du Plessis

BESPREEK NOU BY

082 560 2275

info@velliefees.co.za

2,3 en 4 Junie 2022

www.velliefees.co.za

Tendense in die voermark

Die geelmielieprys was tydens die week van 14 Maart 5.08% hoër teenoor die vorige week, 11.47% hoër as 'n maand terug en 22.48% hoër as dié tyd verlede jaar, volgenes AMT.

• **Sonneblom** – Die prys was 7.87% hoër vergeleke met die vorige week, 27.02% hoër as 'n maand terug en 22.77% hoër as dié tyd verlede jaar.

- **Sojameel** (48% cif) – Die prys was 10.95% hoër as in die vorige week, 14.09% hoër as 'n maand gelede en 30.23% hoër as dieselfde tyd verlede jaar.
- **Lusern** (supreme quality) – Die prys was 1.35% hoër teenoor die vorige week en 2.74% hoër as 'n maand gelede (pryse soos in Douglas met vervoer uitgesluit).

Bron: <https://mailchi.mp/rpo.co.za/4orwxqc5a8-911616>

SLEGS VIR DIERGEBRUIK.

Iver-ject Super Fluke

Reg. Nr. G4358 (Wet 36 van 1947)

VIR DIE BEHANDELING EN BEHEER VAN:

- Inwendige parasiete
- Uitwendige parasiete
- Lewerslak

† Makrosikliese laktoon
†† Sulfonamide



Iver-ject Super-Fluke inspuilbare oplossing. Bevat: Ivermektien 1 % m/v en Klorsulon 10 % m/v. Registrasienuommer G4358 (Wet 36 van 1947).
Registrasiehouer: Antrovét SA (Pty.) Ltd. Co. Reg. Nr. 2010/001184/07. Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel. +27 (0) 11 826 2988,
www.antrovét.co.za f Vind ons op Facebook

† Makrosikliese laktoon
†† Sulfonamide

KLERKSDORP WEEKLIKSE VEILINGSDATUMS APRIL - JUNIE 2022

- Dinsdag, 05 April 2022
- Dinsdag, 12 April 2022
- Dinsdag, 19 April 2022
- Dinsdag, 26 April 2022
- Dinsdag, 03 Mei 2022
- Dinsdag, 10 Mei 2022
- Dinsdag, 17 Mei 2022
- Dinsdag, 24 Mei 2022
- Dinsdag, 31 Mei 2022
- Dinsdag, 07 Junie 2022
- Dinsdag, 14 Junie 2022
- Dinsdag, 21 Junie 2022
- Dinsdag, 28 Junie 2022



NAVRAE:

Fanie Nel 083 325 3066

Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

www.bkb.co.za

www.bkb.co.za

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou



IMPORTANT NOTICE:

In terms of the Agricultural Produce Agents Act, Act no. 12 of 1992, all persons entering the Auction Centre Facility ('the Facility') should adhere to the Biosecurity Rules:

Entry to the Facility with animals will only be permitted against submission of the following prescribed documents:

1. Original valid certificate from the owner of the animals, as required in terms of Section 6 and/or 8 of the Stock Theft Act 57 of 1959;
2. A copy of the Brand Registration Certificate of the owner of the animals;
3. A copy of the owner's ID;
4. Original Animal Owner Health Attestation.

IMPORTANT: NO ANIMALS MAY BE ACCEPTED BY THE FACILITY / LIVESTOCK AGENT, IF THE ANIMALS ARE NOT REGISTERED WITH THE AUCTIONEER / LIVESTOCK AGENT AT LEAST 24 HOURS (1 DAY) PRIOR TO THE AUCTION DATE.

— I N T E G R I T E I T —

VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP
VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING

— www.bkb.co.za —



HANLEY WILDLIFE SERVICES cc



- MASS GAME CAPTURE
- DARTING OF GAME
- GAME COUNTS

NICO WHELAN: 082 893 8904
 VICTOR CUNNINGHAM: 083 581 7702
 OFFICE: 015 004 0594

29 APRIL 2022 - 11:00

ALLDAYS

GPS: S 22°40'18.0"
 E 029°06'24.0"

- 15 SWARTWITPENSE
- 6 NYALAS
- 5 RIETBOKKE
- 15 GEMSBOKKE
- 30 ELANDE
- 6 KAMEELPERDE
- 30 KOEDOES
- 10 SEBRAS
- 100 ROOIBOKKE
- 15 WATERBOKKE
- 30 BLOUWILDEBEESTE

**VOLWASSE MANLIKE
 DIERE OP VEILING**

Riempies Victor - 083 627 0839
 Evert Jordaan - 079 525 8092
 Nico Whelan - 082 893 8904
 Abri Whelan - 076 421 1201
 Craig le Roux - 082 808 7747

Terms & Conditions: 1. PAYMENT: Electronic transfers or Debit/Credit card (with costs) on day of sale - NO CASH will be accepted.
 2. VAT is payable. 3. Vleissentraal's Standard conditions of sale (Rules of Auction) apply - available at: www.vleissentraalbosveld.co.za
 4. Registration: All buyers MUST provide a copy of ID and proof of residence. 5. Consumer Protection Act - 68 of 2008, available at www.gov.za
 6. Seller reserves the right to withdraw any sale item before or during the sale without prior notice.

foto slegs voorbeeld van spesie

ALLDAYS

VLEISSENTRAAAL BOSVELD - 015 491 3141
www.vleissentraalbosveld.co.za

Registered in terms of Section 16(1)(b) of the Agricultural Produce Agents Amendment Act 2003 (Act no. 47 of 2003). Certificate no. 42



Le Roc Dormers

Algehele Uitverkoop
 On-site and Online auction

30 APRIL 2022

-Be Human,
 BLOEMFONTEIN

- DRAGTIGE OOIE
(Stoet/Kommersieel)
- JONG OOIE
(Stoet/Kommersieel)
- RAMME
(Stoet/Kommersieel/Jonk)



Be Human,
 Middelwater
 buite Bloemfontein
 Lat: -28,912
 Long: 26,327



Mornay
 082 779 1454
 Kent
 071 688 6914



Allan 082 528 0059
 Kantoor 051 451 1439
www.vleissentraal.co.za



Registreeer om
 aanlyn te bieb by
www.auctions.swiftvee.com

Groblersdal Wildveiling

SAT, 30 APRIL 2022 - 11:00



Highland
Wildlife Services

Aanteel en Trofee wild op Veiling

Blesbokke / Rooibokke
Koedoes / Elande
Nyalas / Waterbokke
Blouwildebeeste / Sebras
Swartwitpense / Rooihartebeeste



H.N Pieterse Wildshokke / Groblersdal
S25'05.811 / E029'23.219

Ted Hatley:0825616322
Riempies Victor:0836270839
Craig le Roux:0828087747

10 km vanaf Groblersdal op Marble Hall (Schoonbee) pad. Volg Vleissentraal wegwysers

Terme: 1. Koper moet registreer en 'n afskrif van ID asook 'n bewys van fisiese adres inhandig. 2. Betaling: By wyse van Kaart- / elektroniese oorbetalings op dag van veiling - GEEN KONTANT WORD AANVAAR NIE T.O.V. BETALING VIR AANKOPE. 3. BTW is betaalbaar. 4. Vleissentraal se standaard-verkoopvoorwaardes (Rules of Auction) bly van toepassing - beskikbaar op www.vleissentraalbosveld.co.za. 5. Verbruikersbeskermingswet - Wet 68 van 2008, beskikbaar op www.gov.za. 6. Verkoper behou die reg voor om enige bate voor of tydens die veiling te onttrek sonder vooraf kennisgewing.

GROBLERSDAL

VLEISSENTRAAL BOSVELD

015 - 491 3141 • www.vleissentraalbosveld.co.za

Geregistreer volgens die Raad van Landbouprodukte-agente, Wet 12 van 1992 (Wet 47 van 2003). Sertifikaat 42

VLEISSENTRAAL

KAROO MEATMASTER KALAHARI VEILING

DONDERDAG, 5 MEI 2022
11:00, UPINGTON SKOUGRONDE

80 RAMME
120 OOIE

AFSLAER:
HENNIE GOOSEN
079 490 4696

TOMMY: 078 969 6744
RIAN: 083 383 7791
CHRIS: 083 383 8303
JEAN: 082 064 5879

ELRIZE ALBERTS: 083 494 7354



SWIFT
VEE

VLOER EN AANLYN VEILING

Registreer om aanlyn te bieb by: www.swiftvee.com
Navrae: NELIUS VAN SCHALKWYK - 082 495 6603
JJ DE WIT - 072 479 5887

Vir meer inligting besoek André Kock & Son Livestock Auctioneer/Estate Agent Facebook Blad.

JAPIE VAN WYK : 082 447 1897
HENDRÉ BOTHA : 082 781 0302
CR BOTHA : 079 051 5171



ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehave Afslaers & Eilandomsagents
Livestock Auctioneers & Estate Agents



053 927 1981

VERKOOP VOORWAARDES: Rekeninge moet vereffen word direk na afloop van veiling dmv kontant of bewys van elektroniese betaling voor diere gelaai kan word. Kontantheringsfooie sal gehief word op alle kontantrransaksies. FICA dokumentasie (ID / paspoort en bewys van verblyf) moet teenwoordig wees om transaksie af te handel.

4DE SENTRALE
TULI
GROEPVEILING



Veiling word aangebied onder die
beskerming van die Tuli Telersvereniging van SA

DONDERDAG 5 MEI 2022

11:00 - BE HUMAN

BLOEMFONTEIN



Dave Marais 072 205 3816 - Vleisentraal Verteenwoordiger
Colin Raath 082 320 2863 - Acacia Mountain Tuli
Casper Kriel 082 805 0926 - Casman Tuli
Alwyn Marx 083 448 7870 - Alpha en Omega Tuli
Giel Van Niekerk 083 269 8443 - Ganna Tuli
Ben Raath 083 468 6176 - Donkerhoek Tuli



VRYPDAG - 11:00

13 MEI 2022



verwagte spesies

- BLOUWILDEBEEESTE
- BLESBOKKE
- ELANDE
- GOUE WILDEBEEESTE
- KOEDOES
- NJALAS
- KAMEELPERDE

- ROOIBOKKE
- ROOIHARTBEEESTE
- SEBRAS
- SWART ROOIBOKKE
- SWARTWITPENSE
- VOLSTRUISE
- WATERBOKKE

ASOOK VOLWASSE
MANLIKE DIERE

@ Nylsvlei Game Boma
Mookgophong
(Naboomspruit)
GPS: 24°28'41.10" S
028°42'52.20" E



ENQUIRIES: HP van der Walt - 081 011 2049
Riempies Victor - 083 627 0839 // Simon Prinsloo - 082 449 1213

Terms: 1. All buyers must register and provide a copy of ID and proof of residence. 2. Payment: By card / electronic transfers on day of sale - NO CASH WILL BE ACCEPTED AS PAYMENT FOR PURCHASES. 3. VAT is payable. 4. Vleissentraal's standard conditions of sale (Rules of Auction) apply - available at www.vleissentraalbosveld.co.za. 5. Consumer Protection Act - Act 68 of 2008, available at www.gov.za. 6. Seller reserves the right to withdraw any sale item before or during the sale without prior notice.

MOOKGOPHONG

VLEISSENTRAAAL BOSVELD

015-491 3141 - www.vleissentraalbosveld.co.za

Registered according to Act on Agricultural produce agent Act 12 of 1992 (Act 47 of 2003), Certificate 42



23^{ste} Overvaal Ile de France Klubveiling
OTTOSDAL SKOUGRONDE

ONTHOU DIE DATUM!

SATERDAG
6 AUGUSTUS
2022



NAVRAE:
Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314
Overvaal Ile de France:
Gert van der Linde 079 524 7954
Yvonne Daffue 082 820 5595
Afstaer: Jan Mostert 083 306 8408

www.bkb.co.za





ziehan_simmentalers



Tag ons in
jou foto's
@boerhier

@mg_jacobsz_farming



mazel_bonsmaras



@swiftvee



@it_is_charne



6thgearnomad



Gear Nomad

Wat sê die Markte



Bees

A2/3 = R 60.69

B2/3 = R 53.48

C2/3 = R 47.68

SPEENKALF = R 37.69



Skaap

A2/3 = R 90.84

B2/3 = R 73.17

C2/3 = R 69.09

STOORLAM = R 44.02



Bokke

Ooie = R 38.10

Kids <30kg = R 51.49

Kids 30-40kg = 49.04

Kids > 40kg = R 39.50



Pluimvee

Bevroe = R 30.29

Vars = R 31.31

IQF = R 28.49



Vark

Porkers = R 25.47

Baconers = R 26.57



Safex

Mielies = R 4140 /t

Sojabone = R 10820 /t

Sonneblom = R 7055 /t

Koring = R 9055 /t



Geld Eenhede

R / \$ = R 15.62

R / £ = R 20.04




R / € = R 16.87

As at 18 Maart 2022

www.amtrends.co.za



Vorige Uitgawes



Kliek hier



MELKTERTSIGARE

Kokkedoor marinda se melktersigare in sjokolade sous

Bestanddele

- 1 liter melk
- 2 teelepels botter
- 1 kaneelstokkie
- 80 ml koekmeel
- 80 ml Maizena
- 1 ml sout
- 125 ml melk
- 200 ml suiker
- 5 ml vanieljegeursel
- 3 eiers
- filodeeg
- gesmelte botter

Sjokoladesous

- 1 koppie room
- 1 koppie melk
- 200 g donkersjokolade



Metode

1. Kook 1 liter melk, 2 teelepels botter en die kaneelstokkie saam in 'n kastrol.
2. Klits die koekmeel, Maizena, sout, 125ml melk, suiker, vanieljegeursel en eiers saam.
3. Gooi die geklitste mengsel stadig by die melk in die kastrol, en roer sodat dit nie vasbrand nie.
4. Laat dit prut totdat dit soos n vulkaantjie borrel.
5. Verwyder van die hitte, en laat dit afkoel tot kamertemperatuur.
6. Plaas die filodeeg op die tafel, en smeer met die gesmelte botter.
7. Sny elke blok filodeeg in 4 kleiner blokke.
8. Plaas 'n teelepel van die melktertvisiel op elke deegblok deeg, en rol dit toe – die kante ook.
9. Bak teen 180 grade vir 15 minute.

Sjokoladesous

Smelt al die bestanddele saam, en doop die melktersigare daarin wanneer jy dit eet.

Bron: <http://lekkerreseptevirdiejongergeslag.blogspot.com/search/label/Melktert>

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

Psalm 40:5

'Welgeluksalig is die man wat sy vertrou in die Here stel...'

- Ons moet 'n leefstyl van vertrou in God ontwikkel.
- Ons moet besluit en vasberade wees dat ons die Here sal vertrou.
- As ons hierdie geloof en vertrou het, kan ons enige storm van die lewe trotseer.
- Vertrou in God laat ons bo omstandighede uitstyg en kan ons Sy seën geniet.

Gebed: Vader, dankie dat ek U my vertrou kan maak. U is die Een in wie ek sal vertrou en op wie ek sal staatmaak. Ek kies die seën van vertrou in U bo die vrees wat gepaard gaan met vertrou in myself. Amen.

Lizelle

Dankie dat jy lekker saamgelees het! Stuur hierdie e-tydskrif aan na jou kontakte toe sodat hulle ook deel kan wees van ons familie!